



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Spikkel deur Anna Emm

As jy na die prent van Spikkel kyk, sal jy dink dat hy dalk groterig is. Maar eintlik is hy baie klein. Hy is so klein dat jy hom amper nie eens kan sien nie. Hy is net 'n spikkel. En dis die hele probleem...

Wanneer Spikkel op 'n blaar sit, sluk die ou skilpad hom amper sáám met die blaar in, want hy sien hom nie daar nie! En wanneer Spikkel teen die stam van die boom sit, kom skuur Woef die hond hom amper van die stam af, want hy sien hom nie daar nie! Dis vreeslik gevaarlik om 'n spikkel te wees.

"Ek wens ek was nie so klein en spikkelrig nie," sug Spikkel een dag toe hy op 'n grasspriet sit. 'n Kewertjie wat daar naby verby kruip, hoor hom. Die kewertjie kyk mooi en hy kyk weer. En dan sien hy vir Spikkel daar op die grasspriet. "O, dis jý wat so praat," sê die kewertjie. "Ek het jou amper nie eens gesien nie."

"Dis die hele probleem..." sug Spikkel. "Niemand sien my nie. Ek is eintlik heeltemal alleen."

"Ek verstaan wat jy bedoel..." sê die kewertjie. "Miskien kan ek jou help om aan 'n plan te dink."

Die tweetjies dink en hulle dink.

"Miskien kan ons 'n groot rooi ballon aan jou lyfie vasknoop..." sê die kewertjie. "En dan sal almal weet waar jy is."

Maar toe hulle die ballon wil vasknoop, sien hulle sommer gou dat dit nie gaan werk nie, want Spikkel is heeltemal te klein en te spikkelrig – die ballon wil hom sommer in die lug in opvat!

"Ek weet," sê die kewertjie nou. "Miskien kan ons vir jou vreeslike swaar skoene aantrek wat so *klip-klop* raas oral waar jy loop! Dan kan almal sommer hoor as jy naby is."

Maar o aarde, met sulke swaar skoene kan 'n spikkelrige klein dingetjie soos Spikkel glad nie eens loop nie! Dis heeltemal te swaar!

Weer dink die kewertjie en Spikkel baie hard. En net toe Spikkel dink hulle gaan nooit aan 'n plan kan dink nie, kry die kewertjie die beste plan wat daar nog ooit was. Dis 'n bielie van 'n plan, 'n blink plan, 'n wonderlike idee!


"Jy kan op my rug ry – oral waar ek gaan!" roep die kewertjie. "Dan sal jy nie meer alleen wees nie, en ek sal nie meer alleen wees nie, en oral waar jy gaan sal almal weet jy is daar, omdat hulle vir my kan sien. En ek en jy is saam."

En dit is presies wat gebeur het met die Spikkel en die kewertjie... van daardie dag af aan.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Spikkel illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Nuus uit die kantoor:

Ons Pretoria verspreidingspunt open!

Weens die groot hoeveelheid ANNA EMM kliënte wat ons in Pretoria het, en die vreeslik baie pakkies wat ons maandeliks opstuur vir kleingood daar, het ons besluit om 'n verspreidingspunt in Silver Lakes, Pretoria oop te maak.

Nou kan kliënte en agente dadelik hulle bestellings gaan oplaai, en hoef hulle nie meer posgeld te betaal nie!!

Hoe werk dit:

1. Plaas jou bestelling steeds direk by die kantoor in Kaapstad:

www.AnnaEmm.co.za | lorraine@annaemm.co.za | 021 930 0908

2. Ons stuur vir jou 'n faktuur per epos, wat jy dan so gou moontlik moet betaal.

3. Sodra ons bewys van betaling ontvang, gee ons jou bestelling deur aan ons Pretoria tak.

4. Die verspreidingspunt in Pretoria laat weet jou sodra jou bestelling gereed is om afgehaal te word.

Aanwysings na ons Pretoria verspreidingspunt:

NB. Die Pretoria tak is nie 'n betaalpunt nie, maar slegs 'n plek waar jy jou bestellings kan gaan oplaai wanneer die betaling reeds afgehandel is.

Kontakpersoon: Sonja Burger (Epos: sonja@annaemm.co.za \ Sel: 082 781 5759)

Vanaf Lynnwoodweg na Six Fountains Estate: (kaart aangeheg)

- Ry met Lynnwoodweg in 'n Oostelike rigting
- Draai links in Solomon Mahlanguyalaan (ou Hans Strijdom)
- Draai regs by die TWEEDE verkeerslig, Bendeman Boulevard (dit is tussen die Checkers en Food Lovers Market deur)
- Hou reguit aan tot by die hek van Six Fountains Estate

Vanaf die N4 na Six Fountains Estate: (kaart aangeheg)

- Ry met die N4 rigting Oos (Pretoria middestad na Witbank rigting)
- Neem die Solomon Mahlanguyalaan afrit (ou Hans Strijdom)
- By die verkeersirkel, gaan regs uit, terug oor die N4
- Draai links by die tweede verkeerslig in Bendeman Boulevard (dit is tussen die Checkers en Food Lovers Market deur)
- Hou reguit aan tot by die hek van Six Fountains Estate

Vanaf Garsfontein area: (kaart aangeheg)

- Ry met Solomon Mahlagurylaan in 'n oostelike rigting
- Draai regs by die TWEEDE verkeerslig, Bendeman Boulevard (dit is tussen die Checkers en Food Lovers Market deur)
- Hou reguit aan tot by die hek van Six Fountains Estate